

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Molefe (94/87) [1987]

ZASCA 92 (22 September 1987)

[1987] ZASCA 92

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

J J F Hefer, W G Boshoff, M T Steyn

CASE / FILE NUMBER

94/87

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA APPELAFDELING

saak tussen

JACOB MOLEFE APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENTCORAM : HEFER AR, BOSHOFF et STEYN WRN ARR. AANGEHOOR : 18
SEPTEMBER 19 87. GELEWER

UITSPRAAK HEFER AR :

Die appellant en ene Molotsi het voor MOLL R

in 2

2.in die Transvaalse Provinsiale Afdeling tereg gestaan op 'n aanklag van hoogverraad en sekere alternatiewe aanklagte. Hulle is skuldig bevind aan hoogverraad. Appellant is veroordeel tot vyftien jaar en Molotsi tot agtien jaar gevangenisstraf. Appel-lant het in hoër beroep gekom teen die opgelegde vonnis. Na aan-hoor van sy advokaat se betoog is die appèl afgewys. Die hof het onderneem om die redes vir die afwysing van die appèl later in te handig. Hier volg die redes.Die skuldigbevinding het voortgespruit uit appellant en Molotsi se lidmaatskap van die African National Congress (die "ANC"), 'n organisasie met die geweldadige omverping van die staatsgesag in Suid-Afrika as doelstelling, en uit hulle dade, sowel as die dade van ander lede van die A N C binne Suid-Afrika,

ter 3

3.ter verwesenliking van daardie doel . Volgens appellant se eie ge-tuienis het hy die land gedurende 1976 verlaat en na Botswana gegaan waar hy kennis gemaak het met persone wat klaarblyklik werwingsamptenare van die A N C was. Nadat hy ingelig is oor die doelstellings van

die organisasie, het hy daarby aangesluit sodat hy kon leer om "like a soldier" te veg en later na Suid-Afrika terug te keer en sy militêre vaardigheid teen die Suid-Afrikaanse polisie aan te wend. Daarvandaan is hy na Angola waar hy oor 'n tydperk van sewe jaar opleiding ondergaan het onder andere in die gebruik van vuurwapens, handgranate en spring-stowwe, en gevorder het tot die rang van kompanjiebevelvoerder en ingenieur/instrukteur. In daardie hoedanigheid het hy ander rekrute onderrig in die gebruik van springstowwe. Dit het

alles 4

4.

alles geskied met die oog op, soos hy dit in sy "getuienis gestel het, "the national liberation of South Africa" wat tot sy wete sou behels dat hy "would have to fight against the government of this country". Uiteindelik is hy na Maputo gestuur waar hy opdrag ontvang het om saam met Molotsi en ene Lazi die Republiek via Swaziland binne te sypel. Sy getuienis was dat hy eers in Suid-Afrika van Molotsi sou verneem het wat die doel van die sending was maar die verhoorhof het bevind dat hy goed geweet het dat die oogmerk was om skuilplekke en wapenopslagplekke vir "opgeleide terroriste" te bou en toe te rus vanwaar aanvalle geloods kon word en "om dade van sabotasie te pleeg deur installasies soos brandstofopslagplekke, kragstasies en: rioolstelsels op.....55op te blaas". Vroeg die oggend van 16 Februarie 1983 het die appellant, Molotsi en Lazi die grens tussen Suid-Afrika en Swaziland naby Piet Retief oorgesteek. Daar het hulle hul vasgeloop teen lede van die veiligheidspolisie. Na 'n skietgeveg is appellant in hegtenis geneem. Molotsi en Lazi het weggekom maar Molotsi is die volgende dag aangekeer. Die dag daarna het Molotsi 'n skuilplek vir terroriste en 'n opslagplek waar 'n hoeveelheid wapens (insluitende vyf A K 47 gewere met ammunisie, agtien handgranate en

sekere onderdele van 'n missiel lanseerder) en springstof
begrawe was, naby Alberton aan die polisie uitgewys.

Die aanval deur appellant se advokaat in hier-
die Hof teen die opgelegde vonnis is onder vier hoofde
geloods.....6

6

geloods. Ek sal met elkeen afsonderlik handel. Die
eerste een spruit voort uit die uitwysing deur Molotsi van
die skuilplek en die wapenopslagplek waarna so pas verwys
is, en uit 'n bewering wat in paragraaf 6 van aanhangsel
"A" tot die akte van beskuldiging gemaak is. Dit is in
die akte van beskuldiging beweer dat die beskuldigdes die
dade wat in aanhangsel "A" uiteengesit is, gepleeg het
en/of bewus was dat dit gepleeg sou word of reeds gepleeg
was en versuim het om dit aan die owerheid te rapporteer,
met die gemeenskaplike opset en in die uitvoering van 'n
sameswering tussen die beskuldigdes en die A N C of sy lede
en aktiewe ondersteuners, en tussen die beskuldigdes onder-
ling, om die doelstellings van die A N C uit te voer. Para-
graaf...7

7

graaf 6 van aanhangsel "A" lui soos volg:

"Gedurende die periode 1982 tot 1983 (die presiese datums is aan die Staat onbekend) en ter
uitvoering van bogenoemde doelstel-ling van die A.N.C. en sameswering sypel die beskuldigdes
en ander onbekende terroriste en/of aktiewe ondersteuners van die A.N.C., ooreenkomstig die
beplanning en voorberei-ding in die basis te Maputo, die Republiek van Suid-Afrika binne en vind
en bou skuil-plekke, wapenopslagplekke en 'Dead Letter Boxes' te of naby Alberton in die distrik
van Alberton vir gebruik deur opgeleide ter-roriste of lede of ondersteuners van die A.N.C.
vanwaar gewapende aanvalle, dade van oorlogvoering en/of sabotasie teen polisie-stasies en die
ander teikens hierbo genoem geloods moes word."

Hieraangaande het die verhoorhof bevind :

"Dat die beskuldigdes, nr. 1 en nr. 2, te alle tersaaklike tye saamgesweer het met A.N.C. of sy lede en aktiewe ondersteuners

en.....8

8

en met mekaar om die bovermelde doelstel-ling van die A.N.C. uit te voer, en ter uit-voering van genoemde sameswering die daade waarna ek in Aanhangsel 'A' tot die klag-staat sal verwys,gepleeg het."

(Elders in die uitspraak is paragraaf 6 van aanhangsel "A" spesifiek as bewese bevind).

Appellant se advokaat het aangevoer dat dieappellant in die afwesigheid van getuienis dat hy betrokke was by die oprigting van die skuilplekke en die verberging van die wapens by Alberton, of van kennis wat hy op enige stadium van die bestaan daarvan gehad het, nie daarvoor verantwoordelik gehou kon word nie sodat dit buite reke-ning gelaat moes gewees het by die oorweging van 'n gepaste vonnis. Ek is nie van plan om hierdie betoog of die

vraag.: 9

9.

vraag tot watter mate die appellant vir doeleindes van skuldigbevinding aanspreeklik gehou kon word vir daade deur ander lede van die A N C gepleeg, volledig te bespreek nie. Die appèl is slegs teen die vonnis gerig en die werklike vraag is of die verhoorhof die daade van ander A N C lede enigsins in ag geneem het in die oorweging van 'n gepaste vonnis. Word die hof se uitspraak oor vonnis sorgvuldig gelees, blyk dit dat dit nie die geval was nie en dat die appellant gevonniss is suiwer en alleen op grond van sy eie daade. Die feit dat skuilplekke opgerig en wapens by Alberton versteek is, het nie ter sprake gekom by die oorweging van die vonnis nie en, waar dit derhalwe nie 'n rol gespeel het nie bied dit geen regverdiging...10

10.

regverdiging vir inmenging met die vonnis deur hierdie

Hof nie.

Appellant se advokaat het voorts betoog dat

die verhoorhof verkeerdlik bevind het dat die appellant

tydens die skietgeveg wat op 16 Februarie 1983 naby Piet

Retief plaasgevind het, op die polisie geskiet het. Ter

verduideliking dien vermeld te word dat twee getuies wat

lede van die patrollie was wat die betrokke oggend met die

appellant en sy makkers slaags geraak het, getuig het dat

appellant eers gevlug het maar toe omgedraai het en 'n skoot

op hulle geskiet het. Appellant het in sy getuienis erken

dat hy inderdaad 'n pistool in sy hand gehad het toe hy

gevlug het. Sy bewering was egter dat hy die pistool

weggegooi..... 11

11.

weggegooi het sonder om te skiet en dat een van die poli-sie getuies dit opgetel en self 'n skoot op

hom (appellant) gevuur het - vandaar die feit dat die dop van 'n patroon wat met die pistool

gevuur-is, op die toneel gevind is. Die verhoorregter het appellant se weergawe verwerp en

bevind dat dit appellant was wat die skoot afgevuur het. Die feit dat hy dit gedoen het, is

verswarend teen hom in ag geneem by die oplegging van vonnis. Ek stem met appellant se

advokaat saam dat die getuienis van die betrokke twee staatsgetuies alles behalwe bevredigend

was. Trouens, een van hulle was so onbevredigend dat die verhoorregter sy getuienis nie wou

aanvaar behalwe vir soverre dit gestaaf was nie. Die

probleem 12.

12. probleem is egter dat die verhoorregter, terdeë bewus van die gebreke in die getuienis van die

ander een, nogtans bereid was om sy getuienis te aanvaar in die lig van die waarskynlikhede, in

die lig van die plek waar die patroon-dop gevind is (dit is nie nodig om besonderhede hiervan te

verskaf nie), en in die lig van appellant se eie leuen-agtige getuienis oor ander aspekte van die

saak. Met in-agneming van hierdie faktore kan hierdie Hof nie bevind dat die verhoorhof se

bevinding verkeerd was nie. 'n Verdere grond waarop aangevoer is dat die verhoorregter fouteer

het, was dat hy die getuienis van professor B Helm nie ten volle in ag geneem het nie. Pro-fessor

Helm, 'n sosioloog, het getuig oor die faktore

(voortspruitende..13

13.

(voortspruitende hoofsaaklik uit die gebeure in Soweto gedurende 1976) wat bygedra het tot appellant se besluit om die land tē verlaat, by die A N C aan te sluit, opleiding te ondergaan en deel te hê aan 'n geweldadige aanslag teen die Suid-Afrikaanse owerheid en sommige van sy mense. Haar getuienis was gebaseer deels op haar eie waarnemings, deels op mededelings aan haar deur die appellant en lede van sy familie en deels op haar deskundige kennis. Vir sover sy oor feite getuig het wat die appellant aan haar meegedeel het en waarvan sy self geen kennis- gedra het nie, het die verhoorhof haar getuienis slegs in ag geneem tot die mate waartoe dit deur appellant se eie getuienis onder eed bevestig is. Met hierdie benadering kan geen fout gevind 14

14.

gevind word nie. Professor Helm se getuienis is terdeë in ag geneem in die opsigte waarin dit in ag geneem kon word.

Laastens het appellant se advokaat aangevoer dat die vonnis buitensporig swaar is. Ek stem nie saam nie. Appellant is nie bloot 'n lakei van die A N C nie. Hy is 'n man met deskundige bedrewenheid in die gebruik van springstof wat seker die mees effektiewe middel is by die pleeg van dade van terreur waaronder onskuldige en niksvermoedende landsburgers meesal ly. Hy was klaarblyklik saam met Molotsi op pad na die voorrade wat naby

Alberton versteek was. Gelukkig is hy uitgeskakel voor-
dat hy dit kon bereik. Boonop het hy ander lede van sy
organisasie 15

15.organisasie opgelei en toegerus met dieselfde kundigheid waaroor hy beskik en hy moes met groot entoesiasme en toe-wyding (soos spreek uit die rang wat hy in die organisasie bekleed het) deelgeneem het aan die voorbereiding vir die geweldadige aanslag waarna reeds verwys is. Dat hy deur sy gevangenessing verhoed is om verder deel daaraan te hê, is bloot toevallig. Geeneen van die gronde waarop appellant se advokaat gesteun het, het enige regverdiging gebied vir 'n ligter vonnis as die een wat deur die verhoorhof opge-lê is nie en die appèl kon gevolglik nie slaag nie.

J J F HEFER AR. Ek stem saam : W G BOSHOFF WAR.

M T STEYN WAR.

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1987/92.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-molefe-unknown-topic-asca-1987>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria